# Huisgodsdiens



## Jesus se geheime tot geluk

*Die huisgesin is die primêre skool vir karaktervorming.*

*Martin Luther*

## Verspot maklike huisgodsdiens

Gaan julle gesin se huisgodsdiens slaag of skipbreuk lei? Wil jy weet wat is die enkele belangrikste faktor wat die deurslag gaan gee? Jou vermoë om vrae te vra!

En nee, jy stel nie jou vrae soos ‘n inkwisissie dit sou doen nie! Jou vrae is nie bedoel om gesinslede te eksamineer nie. Jou vrae het ten doel om gesprek los te maak. As dit by huisgodsdiens kom, wil jy ten alle koste alleenspraak vermy en eerder bespreking uitlok!

As huisgodsdiens in ‘n monoloog ontaard waar iemand voortbabbel terwyl die ander eintlik wens hulle kan gaan tv kyk, gaan hierdie kosbare gesinstyd in die hek duik. Maar as jy dit kan inkleur in die vorm van ‘n dialoog – ‘n gesprek waaraan al die lede van die gesin deelneem – gaan dit iets in julle gesinstyd word waarna almal uitsien!

Huisgodsdiens moet so spontaan soos enige ander gesprek rondom die etenstafel wees. Elkeen moet voel dat hulle ‘n inset kan lewer. Daarom beveel ons aan dat jy ‘n formaat volg wat natuurlik en maklik vloei – om die waarheid te sê, ons noem dit “Verspot maklike huisgodsdiens”.



**Oogmerk vir die ouer:**

Onder hierdie opskrif sal die ouer elke week bietjie leiding ontvang oor wat die hoofoogmerk van die betrokke week se huisgodsdiens is. Jy hoef dit nie vir die res van die gesin voor te lees nie. Dit is net daar om jou te help om ‘n geheelindruk te kry.



**Vier julle saamwees (2min)**

Om een of ander rede is mens geneig om sodra jy huisgodsdiens hou, ietwat strenger met die kinders te wees. Miskien is dit omdat ons voel dit is ‘n ernstige saak. Maar net omdat ons ernstig oor ons geloof is, beteken dit mos nie dat ons nie met mekaar op ‘n prettige manier kan praat nie! Om dus te keer dat die gesprek supervroom draai, vier ons eers ons saamwees. Deel met mekaar iets uit julle leefwêreld. Vertel dalk vir mekaar hoe julle dag was. Wat was ‘n hoogtepunt? Wat was ‘n laagtepunt? Dit is krities belangrik dat ouers meer van hulle leefwêreld met hulle kinders deel – sonder natuurlik die spanning

wat daarmee gepaardgaan.

**Verken vandag se onderwerp (1min)**



Lei byvoorbeeld die gesprek in deur, te sê: "Ons lees mos wat Jesus alles oor geluk gesê het. Vandag sien ons Hy het gesê: 'Geseënd is díe wat treur want hulle sal vertroos word'. Wat dink jy beteken dit?"

**Verduidelik die konteks (1min)**

Die idee is dat ons elke week se onderwerp sal toelig met 'n toepaslike



Bybelverhaal. Navorsing bewys dat die oorvertel van Bybelverhale, die heel kragtigste manier is om geloof van een geslag na 'n ander oor te dra. Verhale sluk jou in en voed jou met lewenslesse wat nog lank na die tyd jou bybly! Daar is egter ook 'n leemte aan Bybelstories: Die verhale wat ons behandel loop nie chronologies nie, maar tematies. Dit beteken dat ons ietwat gaan rondspring tussen verhale en gaan stilstaan by 'n storie wat die spesifieke onderwerp dien. Om te keer dat gesinne nie deurmekaar raak met die Chronologiese verloop van die Bybel nie, gaan ons telkens onder hierdie opskrif vir jou net in 'n sin of twee die agtergrond van die verhaal gee. Jy kan dit letterlik vir die gesin voorlees en dan oorgaan na die verhaal.

**Verlekker julle in God se Woord (3min)**



By hierdie punt neem die gesin nou die Bybelverhaal onder oë – of liewer onder ore! Jy kan op 3 maniere die storie weergee:

Eerstens kan jy besluit om die verhaal bloot te lees. Dalk kies jy om dit vir 'n slag in 'n ander vertaling te lees om sodoende groter impak te verkry. As jy tieners in die gesin het, kan jy gerus vir húlle vra om die storie te lees – of roteer na elke tweede vers sodat elke lid van die gesin 'n beurt kry om die verhaal verder te lees. Dit alles maak die ervaring meer interaktief.

Jou tweede manier van aanbieding is deurdat jy die verhaal nie lees nie, maar oorvertel in jou eie woorde. Dit is groot pret! Sonder veel moeite voel dit gou-gou vir jou aanhoorders asof dit 'n storie is wat met julle eie familie gebeur het. As jy dit dramaties kan oorvertel, nog beter. Dit sal vir jou lekker wees om te sien hoe die gesinslede aan jou lippe hang en nie oogkontak met jou wil verloor nie! Kleuters, kinders, tieners en

volwassenes geniet hierdie metode.

Die derde benadering wat jy kan gebruik, lok net soveel reaksie by jou gesin uit! Jy vertel aspris die verhaal verkeerd, en dan wag jy tot hulle jou fout raaksien en jou korrigeer. Dit werk veral goed met kleuters en laerskoolkinders. Jy sal byvoorbeeld sê: "*Eendag was daar 'n klein maer mannetjie met die naam Goliat. Hy wou teen Dawid veg. Is ek reg? Was Goliat klein?*". "*Nee!*" sê die kinders. "*Nou vertel vir my wie was Goliat?*", vra jy. En so lok jy hulle uit om self die verhaal te vertel. Dit is ook 'n vinnige manier om te bepaal hoe vertroud jou gesin met die verhaal is of nie.

Die belangrikste ding wat jy hier moet onthou, is dat dit pret moet wees. Dit word nie verniet "***Verlekker*** *julle in God se Woord*" genoem nie!

**Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)**



Nadat julle vir mekaar gesê het wat God se Woord sê, sê julle vir mekaar wat dit vir julle beteken. En die manier waarop julle dit doen is weereens deur goeie vrae te vra!

Die maklikste flater wat mense begaan nadat hulle as gesin die Bybel saam gelees het, is om nie te onderskei tussen inhoud en interpretasie nie. As die ouer byvoorbeeld vir die kinders vra: "Wat onthou julle?" of "Wat het julle gehoor?", dan is dit 'n inhoudelike vraag. Die kinders hoef maar net inligting oor die verhaal te herhaal, maar dit opsigself dra min transformasiekrag.

Jy wil nie inhoudelike vrae vra nie, maar vrae wat handel oor interpretasie. Jou vrae moet gemik wees op hoe mens die verhaal kan toepas in jou eie lewe. Die heel beste vraag wat mens na afloop van die lees van 'n teks kan vra, is iets soos: "Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?" of "Wat dink julle beteken hierdie gedeelte?".

Laat die kinders toe om te praat – en vra hulle verder uit oor die antwoorde wat hulle gee. Jou rol is níe om te preek nie. Jou rol is om goeie vrae te vra en gesprek te ontlok.

Die volgende is ook goeie vrae om te vra – hoewel mens nooit almal elke keer gaan vra nie. Die geheim is immers om die huisgodsdiens kort te hou.


Is daar 'n voorbeeld om te volg?

Is daar ‘n sonde om te vermy?
Is daar ‘n belofte om op staat te maak?
Is daar ‘n gebed om te bid?
Is daar ‘n bevel om te gehoorsaam?
Is daar ‘n voorwaarde om te bereik?
Is daar ‘n vers om te onthou?
Is daar ‘n fout om te vermy?
Is daar ‘n uitdaging om aan te neem?
Is daar ‘n beginsel om raak te sien?



**Vat gou die hoofgedagte vas (1min)**

Nadat almal iets gesê het oor wat hulle opgeval het in die teks, kry jy nou ‘n beurt om saam te vat. Herhaal in 1 minuut die hoofgedagtes wat uitgekom het, en verpak dit in jou eie interpretasie.



**Verbly julle in die Here (2min)**

Nou kan julle saam bid. Weereens is daar natuurlik verskeie maniere hoe mens dit kan doen. Een persoon kan afsluit met gebed – en daar is niks mee verkeerd nie. Maar onthou, hoe meer mense jy kan betrek en betrokke hou in die huisgodsdiens, hoe beter. Mens kan dus in die rondte gaan en vir elkeen kans gee om te bid. Of jy kan ‘n “pop-corn” gebed hou, waar elke lid van die gesin (in geen volgorde nie) kans kry om een sinnetjie vir die Here te sê. Die lekker van hierdie tipe afsluiting is dat dit geneig is om mense se aandag langer te behou omdat dit kort sinne uit verskillende monde is, en nie een lang gebed nie. Maar daar is baie variasies waaraan ‘n mens kan dink. Een aand kan julle vir mekaar sê dat ons onsself gaan beperk om niks vir onsself te bid nie, en net vir ander mense. Die volgende keer kan julle ooreenkom dat julle elkeen vir iets dankie gaan sê. Die idee is om nie afgestomp te raak nie. Ons wil ons gebedslewe kreatief aanpak sodat ons waarlik ons in die Here kan aanhou verbly!

# Week 1 Afhanklikheid van God



**Oogmerk vir die ouer:**

Die essensie van die verhaal gaan daaroor dat ons die Here met ons hele lewe kan vertrou. In situasies wat vir ons onmoontlik lyk, kan, mag en moet ons van die Here afhanklik bly. Die kernvers is sekerlik die pragtige vers 17: "*Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees*" (2 Kron. 20:17).



**Vier julle saamwees (2min)**

Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**

Jesus het gesê: "**Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel**" (Matt. 5:3)

Wat beteken dit om afhanklik van God te wees?
Kom ons lees 'n verhaal waar mense afhanklik van God moes wees, en dan sê ons vir mekaar wat ons daaruit leer.



**Verduidelik die konteks (1min)**

Hierdie verhaal speel in die Ou Testament af. God se volk het die beloofde land ingeneem en hulleself gevestig. Teen die tyd wat hierdie verhaal afspeel, het hulle al selfs konings gehad. Saul was mos die eerste koning, Dawid was sy opvolger. Na Dawid het sy seun Salomo hom opgevolg. Ongelukkig het daar na Salomo se dood groot konflik ontstaan tussen die Israeliete oor wie hulle as koning wil hê en die koninkryk het in twee geskeur. Koning Josafat oor wie hierdie verhaal gaan, was een van die latere konings van die Suidryk. Sy koninkryk beland in die moeilikheid toe daar 'n klomp ander lande se weermagte teen hom optrek om oorlog te maak.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**

Geniet die volgende dramatiese verhaal soos dit vir ons in 2 Kron. 20:1-30 (Boodskap) vertel word:

Na ’n r*uk het ’n klomp Moabiete, Ammoniete en Meüniete teen Josafat oorlog kom maak. Die volgende boodskap het Josafat bereik: “Daar kom ’n groot leër aan om teen u te veg. Hulle kom van Edom se kant af, anderkant die Dooie See, en het reeds by Gaseson-Tamar (oftewel En-Gedi) aangekom.” Toe hy dit hoor, het Josafat geskrik en besluit om die Here te raadpleeg. Hy het beveel dat al die mense van Juda vir ’n dag lank niks mag eet nie. Hulle het toe uit al die stede en dorpe van Juda bymekaargekom om die Here te vra om hulle te help.*
*Josafat het tussen al die mense van Juda en Jerusalem voor die tempel se nuwe voorhof gaan staan. Hy het gebid: “Here, God van ons voorouers, U is die enigste God in die hemel en die Heerser oor alle koninkryke op aarde. U is sterk en magtig. Niemand kan U wen nie! God, het U nie die volke wat in die land gewoon het, weggejaag toe u volk hier aangekom het nie? Het U nie toe die land vir Abraham se nageslag gegee om vir altyd hier te woon nie? U volk het hier kom bly en hierdie tempel vir U gebou. Hulle het gesê: ‘As daar eendag iets vreesliks met ons gebeur, soos ’n oorlog, ’n vloed, siekte of hongersnood, sal ons hier by die tempel bymekaarkom. Dit is waar U woon. Ons sal hier kom pleit dat U ons moet help en U sal ons hoor en ons red!’ Nou het die mense van Ammon, Moab en die Seïrberge saamgetrek om ons aan te val. Destyds, op pad van Egipte af, het U die Israeliete verbied om hulle aan te val. Trouens, die Israeliete het om hulle getrek en hulle nie aangeval en uitgeroei nie. Kyk hoe beloon hulle ons nou daarvoor! Hulle is nou hier om ons uit die land te gooi wat U vir ons as ’n geskenk gegee het. God, sal U hulle stop, asseblief? Ons kan niks teen so ’n oormag doen nie. Ons weet nie wat om te doen nie, maar ons glo dat U ons sal help.” Die hele Juda, mans, vroue en kinders, het almal saam voor die Here gestaan en pleit om hulp.*

*Die Here se Gees het toe deur een van die mans in die vergadering gepraat. Sy naam was Jagasiël, ’n Leviet. Sy voorouers was Sagaria, Benaja, Jeïel en Mattanja. Hulle was lede van die familiegroep van Asaf. Jagasiël het vir die vergadering gesê: “Luister na my, al julle Judeërs en inwoners van Jerusalem! U ook, koning Josafat, luister wat ek te sê het, want die boodskap kom van die Here af. Hy sê: ‘Moenie bang wees of vir die groot leër terugdeins nie. Hierdie geveg is nie júlle probleem nie. Dit is ’n saak wat God self sal uitstryk. Maak reg en trek môre teen hulle uit. Hulle sal met die opdraande van Sis se kant af kom en julle sal hulle kry net daar waar die kloof oopmaak na die Jeruëlwoestyn se kant toe. Julle sal nie eens hoef te veg nie! Neem net julle posisies in, dan sal julle kan sien hoe die Here die geveg vir julle wen. Inwoners van Juda en Jerusalem, die Here is aan julle kant. Moenie bang of skrikkerig wees nie. Gaan môre uit en gaan kyk self hoe die Here julle help.’”*
*Koning Josafat het met sy gesig na die grond toe neergekniel. Al die mense van Juda en Jerusalem het sy voorbeeld gevolg en die Here begin aanbid. Die Leviete uit die Kehat- en die Koraggroep het toe opgestaan en die Here, Israel se God, baie hard begin prys.*

*Die volgende oggend het hulle alles reggekry en na die woestyn in die omgewing van Tekoa vertrek. Terwyl hulle op pad was, het Josafat hulle gestop en gesê: "Luister na my, mense van Juda en Jerusalem. As julle in die Here julle God glo, sal julle sterk kan staan. As julle in sy boodskappers glo, sal julle sukses behaal!" Daarna het hy met die leiers gesels en hulle het besluit om sangers voor die leër te laat uitloop. Die sangers moes die Here loof met die woorde: "Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie!"*
*Net toe hulle so begin juig en sing, het die Here gesorg dat die leërs van Ammon, Moab en die mense van die Seïrberge af, wat eintlik teen Juda wou kom oorlog maak, teen mekaar begin veg. Eers het die leërs van Ammon en Moab saam teen die mense van die Seïrberge geveg en hulle almal doodgemaak. Toe hulle daarmee klaar was, het hulle teen mekaar begin veg.*
*Toe die Judeërs by hulle uitkykpunt kom, het hulle in die vallei afgekyk en net 'n klomp lyke daar sien lê. Nie een van die vyand het weggekom nie. Daarna het Josafat en sy leër die lyke geplunder en 'n geweldige klomp goed bymekaargemaak. Daar was klere en waardevolle voorwerpe, soveel dat hulle drie dae lank gewerk het om alles bymekaar te kry. Op die vierde dag het hulle in die Lofdal bymekaargekom. Hulle het die plek só genoem omdat dit die plek is waar hulle die Here geloof het en vir Hom dankie gesê het vir wat Hy vir hulle gedoen het. Die plek word nog altyd Lofdal genoem.*
*Daarna het die hele leër van Josafat teruggegaan Jerusalem toe. Hulle was baie bly omdat die Here vir hulle 'n oorwinning oor hulle vyande gegee het. Hulle het in Jerusalem ingekom en na die tempel toe gegaan, terwyl die harpe en liere gespeel het en die trompette geblaas is. Toe Israel se buurvolke hoor dat die Here self vir Israel teen hulle vyande geveg het, hulle baie bang geword vir God. As gevolg daarvan het Josafat se koninkryk vrede beleef. God het vir hom vrede gegee met al sy buurlande.*



**<u>Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)</u>**
Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar in hierdie verhaal 'n beginsel om raak te sien?



**<u>Vat gou die hoofgedagte vas (1min)</u>**
Som in 'n sin of twee julle gesin se opmerkings op.



**<u>Verbly julle in die Here (2min)</u>**
Gee vir elkeen kans om vir die Here dankie te sê dat ons op Hom mag vertrou.

# Week 2 Die waarde van treur



**Oogmerk vir die ouer:**

Ons kyk na die berouvolle belydenis van die soldaat by Jesus se kruis. Hoewel hy oorweldig was deur sy aandeel aan Jesus se dood, het sy trane uiteindelik in lag verander, omdat Hy Jesus as Verlosser erken het en daardeur die ewige lewe ontvang het.



**Vier julle saamwees (2min)**

Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**

Jesus was bekend daarvoor dat Hy dinge gesê het wat onmoontlik geklink het, maar tog baie waar is. Vandag se teks is 'n goeie voorbeeld: "**Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word**" (Matt. 5:4).

Kan julle aan 'n voorbeeld dink van iemand wat hartseer was, maar toe op die ou einde baie gelukkig geword het?



**Verduidelik die konteks (1min)**

Ons lees vandag 'n gedeelte uit die Nuwe Testament. Om die waarheid te sê kyk ons na die hoogtepunt van die hele Bybel: Die kruisiging van Jesus. Ons begin lees kort voor Jesus sy laaste asem uitblaas. Daar is 'n rits uiters belangrike dinge wat gebeur die oomblik toe Hy sterf. Kyk gerus of julle alles kan opnoem en wonder bietjie saam oor hoekom die Bybel dit betekenisvol vind om vir ons te sê.

Een van die soldate kom ook onder andere op hierdie oomblik tot inkeer en bely dat Jesus waarlik die Seun van God is. Die Bybel vertel nie vir ons wat sy naam is nie, maar later in die geskiedenis het hierdie man bekend geword as "Longinus". Dit is 'n woord wat spies beteken. Waarskynlik omdat dit dieselfde soldaat was wat Jesus met 'n spies in die sy gesteek het. Bespreek as gesin 'n bietjie saam die belangrikheid daarvan om soos Longinus jou sonde en nuwe perspektief te bely.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**
Luister na wat by Jesus se kruis gebeur het, soos wat Matt. 27:45-56 (N.A.V) dit vir ons vertel:

*Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: "Hy roep vir Elia."*

*Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. Maar die ander sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red." Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.*

*Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God." Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het. Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus"*



**Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)**
Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar in hierdie gedeelte 'n gebed om te bid?



**Vat gou die hoofgedagte vas (1min)**
Som in 'n paar sinne julle gesin se opmerkings op.



**Verbly julle in die Here (2min)**
Gee vir elkeen in die gesin kans om in julle eie woorde – net soos die soldaat – Jesus te erken as die ware God.

# Week 3 Sagmoediges



**Oogmerk vir die ouer:**

Ons wil die gedagte tuisbring dat hoewel Abram die volste reg gehad het om homself te verryk ten koste van Lot, het hy gekies om die minste te wees en dit aan die Here oorgelaat om vir hom te sorg.



**Vier julle saamwees (2min)**

Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**

Party mense sal niks en niemand spaar in hulle poging om suksesvol te wees nie. Al moet hulle op ander trap om hulleself te bevoordeel, sal hulle dit doen. Die wêreld hou sulke persone voor as mense wat doelgerig is en weet wat hulle in die lewe wil hê. Jesus gaan lynreg hierteen in en sê: “**Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang**” (Matt 5:5)

- Wat beteken die woord “sagmoedig” vir julle?
- Waarna dink julle verwys die nuwe aarde?
- Kan julle aan ‘n Bybelse voorbeeld dink waar iemand uit sagmoedigheid bereid was om die minste te wees – en dit toe tot daardie persoon se voordeel gestrek het?



**Verduidelik die konteks (1min)**

Vandag kyk ons na ‘n verhaal in die baie verre verlede. Dit is in die Ou Testament, maar dit is nog voordat God se volk as slawe in Egipte gewerk het. Om die waarheid te sê was dit nog voordat God ‘n volk gehad het! Vandag gaan oor die man met wie God besluit het om sy volk mee te begin: Abram!

In Gen. 12 begin Abram se verhouding met God en hy trek uit sy land en besluit om God te vertrou. In hoofstuk 13 trek hy deur ‘n grondgebied met te min kos vir hom en sy familie. Hoewel hy die volste reg het om eers na homself om te sien, kies hy

om die saak anders te hanteer.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**

Gen. 13:1-18 (Boodskap)

*Van Egipte af het Abram na die suidelike woestyn getrek. Saam met hom was sy vrou asook Lot en almal wat vir hom gewerk het. Abram was baie ryk. Hy het 'n groot klomp vee, silwer en goud gehad. Hy het rus-rus deur die suidelike woestyn getrek, tot by Bet-El. Hy het weer by die plek tussen Bet-El en Ai gekom waar sy tent vroeër gestaan het. Dis dieselfde plek waar hy destyds vir die eerste keer 'n altaar vir die Here gebou het. Daar het hy na die Here geroep in gebed.*

*Lot, Abram se broerskind wat heeltyd nog saam getrek het, het ook 'n klomp vee en mense gehad wat vir hom werk. Naderhand kon hulle nie meer saamleef nie. Die vee was te veel en die land te klein. Abram en Lot se werksmense het ook baie met mekaar begin baklei. In dié tyd het die Kanaäniete en die Feresiete in die land gebly. Abram het toe vir Lot gesê: "Laat daar tog nie spanning tussen ons twee wees nie, en ook nie tussen ons werksmense nie. Ons is tog immers familie. Dalk is dit maar beter dat ons paaie skei. Kies waarheen jy wil gaan. As jy die een deel kies, neem ek die ander. Trek jy na die een deel van die land toe, gaan ek elders. So, jy kan kies."*

*Lot het toe rondgekyk. Die Jordaanvallei met sy baie water was vir hom baie mooi. Dit was natuurlik voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het. Dit was so mooi soos die tuin van die Here, of soos die dele naby Soar in Egipte. Lot het toe die hele Jordaanvallei vir homself gekies. Hy het toe sy oom, Abram, gegroet en ooswaarts getrek.*

*So het Abram en Lot se paaie geskei. Abram het alleen in die land Kanaän agtergebly terwyl Lot in die Jordaanvallei se groot stede gaan woon het. Na 'n ruk het hy in die buitewyke van die stad Sodom gaan bly. Sodom se inwoners was egter baie slegte mense. Hulle het nie na die Here geluister nie en baie verkeerde dinge gedoen.*

*Na Lot van hom weg is, het die Here vir Abram gesê: "Kyk net 'n bietjie om jou," het Hy gesê. "Kyk stip in die rigting van die noorde en die suide, die ooste en die weste. En wat jy ook al rondom jou sien, sal Ek eendag aan jou en jou nageslag gee. Ek maak jou nageslag so baie soos die stof van die aarde. As iemand die stof kan tel, sal hulle ook jou nageslag kan tel. Gaan loop net 'n bietjie deur die hele land en weet: waar jy ook al kom, Ek sal dit eendag vir jou gee."*

*Abram het toe sy tent en al sy ander goed gepak en begin trek. Sy eerste kampplek*


*was by die bome van Mamre duskant Hebron. Daar het hy vir die Here 'n altaar gebou.*



**<u>Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)</u>**
Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar in hierdie verhaal 'n voorbeeld om te volg?



**<u>Vat gou die hoofgedagte vas (1min)</u>**
Som julle gesin se opmerkings in 'n sin of twee op, en gee jou eie perspektief.



**<u>Verbly julle in die Here (2min)</u>**
Laat elkeen van julle 'n kans kry om vir die Here te sê dat ook julle eerder ander mense se belange bo julle eie wil plaas – maar dat julle die Here vertrou om in die proses ook vir julle te sorg.

# Week 4 Ywer vir geregtigheid



**Oogmerk vir die ouer:**
Die hoofgedagte is dat ons moet "honger en dors" dat geregtigheid sal seëvier in mense se lewens wat uitgebuit word. Tog beteken dit dat as dit vir ons regtig so belangrik is, ons ons eie gemak, gerief en gewildheid sal opoffer om te doen wat reg is.



**Vier julle saamwees (2min)**
Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**
Jesus het gesê: "**Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word**" (Matt. 5:6)

Hoe tree iemand op wat "*honger en dors*" na wat reg is?



**Verduidelik die konteks (1min)**
Ons spandeer nog so bietjie tyd by Abram van wie ons die vorige keer gelees het. Hy het mos toegelaat dat Lot die beste deel van die land vir homself kies. Dit kom egter Lot duur te staan! Daar breek 'n oorlog tussen 'n paar konings uit in díe deel van die land wat hy gekies het – en hy en sy familie word ontvoer deur een van die slegte konings.

Abram is so ontsteld deur hierdie verkeerde ding, dat hy daar en dan besluit om Lot te gaan red. Ons sien 'n prentjie van Abram wat min van ons ken: 'n dapper vegter vir dit wat reg is!



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**
Gen. 14:1-20 (Boodskap)
*Op 'n dag het Amrafel (die koning van Sinar), Arjok (die koning van Ellasar), Kedorlaomer (die koning van Elam) en Tidal (die koning van Gojim) besluit om oorlog te maak teen Bera (die koning van Sodom),*

*Birsa (die koning van Gomorra), Sinab (die koning van Adma), Semeber (die koning van Sebojim), en Soar (die koning van Bela). Bera en die ander konings het toe 'n bondgenootskap gevorm en in die Siddimvlakte (vandag is dit die Soutsee) bymekaargekom. Twaalf jaar lank moes hulle Kedorlaomer dien, maar in die dertiende jaar het hulle net besluit om te rebelleer. 'n Jaar later het Kedorlaomer en sy bondgenote met 'n militêre veldtog begin. Blitssnel het hulle die Refaïete in Asterot-Karnajim, die Sussiete in Ham, die Emiete in die Kirjatajimvlakte en die Goriete in die Seïrberge tot by El-Paran aan die randjie van die woestyn vernietig.*

*Toe het hulle vinnig omgedraai en na die fontein van Oordeel (dit is Kades) teruggekeer. Kedorlaomer-hulle het onverwags op die Amalekiete toegeslaan en hulle gebied verower. Al die Amoriete wat destyds in Gaseson-Tamar gewoon het, is ook onderwerp.*

*Toe die konings van Sodom, Gomorra, Adma, Sebojim en Bela (dit is Soar) van Kedorlaomer-hulle se opmars hoor, het hulle in die Siddimvlakte bymekaargekom en vinnig hulle troepe vir die geveg opgestel. Teenoor hulle het die gevegsmagte van koning Kedorlaomer van Elam, koning Tidal van Gojim, koning Amrafel van Sinar, en koning Arjok van Ellasar stelling ingeneem. Hierdie vier konings moes toe teen die ander vyf se magte veg.*

*Kedorlaomer-hulle het gou die oorhand gekry en die mense het begin vlug. Oral in die Siddimvlakte was daar asfaltgate, en soos die mense gevlug het, het hulle daarin geval. Sodom en Gomorra se konings het ook daarin geval. Die res het berge toe gevlug. Daarna het Kedorlaomer-hulle op Sodom en Gomorra toegesak en alles gevat. Hulle het al die kos weggevat en sommer ook 'n klomp mense saam met hulle geneem. Een van hierdie mense was Lot, die broerskind van Abram. Hy het destyds in Sodom gebly. Hulle het al sy besittings gevat en hom gedwing om saam met hulle te gaan.*

*Iemand wat die geveg oorleef het, het vir Abram van Lot gaan vertel. Abram het in dié tyd by die groot bome van die Amoriet Mamre, 'n broer van Eskol en Aner, uitgekamp. Hierdie mense was Abram se bondgenote.Toe Abram hoor dat sy broerskind gevang is, het hy onmiddellik opgetree. Hy het 318 van sy eie werkers geneem en die vyand in die rigting van Dan agtervolg. In die nag het Abram sy manne stilletjies ontplooi en onverwags op die Kedorlaomermanne toegesak. Hulle het die vyand byna vernietig en die vlugtendes tot so ver as Hoba, noord van Damaskus, agternagesit. Abram het sy broerskind, Lot, gou opgespoor en hom met al sy besittings teruggebring. Abram kon ook al die besittings sowel as al die vroue en kinders wat Kedorlaomer se manne gevat het, terugkry.*


*Nadat Abram vir Kedorlaomer en sy bondgenote verslaan het, was hy weer op pad huis toe. Naby die Sawevallei (dit is die Koningsvallei) het hy skielik die koning van Sodom gesien. Hy het gekom om vir Abram dankie te sê.*
*Nog 'n ent verder het Abram vir Melgisedek ontmoet. Hy was die koning van Salem en 'n priester van die allerhoogste God. Hy het vir Abram kos en wyn gegee, hom geseën en toe gesê:*
*"Die allerhoogste God,*
*die Skepper van hemel en aarde,*
*is naby jou en sal jou gelukkig maak.*
*Loof Hom, die allerhoogste God,*
*wat jou van jou vyande gered het."*
*Abram was so aangegryp dat hy Melgisedek 'n tiende van alles gegee het.*



**Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)**
Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Wat dink julle verwag die Here van ons, as ons sien dat iemand te na gekom of uitgebuit word?



**Vat gou die hoofgedagte vas (1min)**
Som in 'n paar sinne jou gesin se opmerkings op, en gee ook jou eie perspektief.



**Verbly julle in die Here (2min)**
Laat elkeen in hulle eie woorde vir die Here vra om julle te gebruik, sodat julle onreg sal regstel en mense wat hulpeloos is, kan help.

# Week 5 Barmhartigheid



**Oogmerk vir die ouer:**
Ons wil die gedagte tuisbring dat barmhartigheid 'n gesindheid is wat jou in staat stel om ander mense wat in nood is, raak te sien en uit te help. In kort beteken dit eintlik dat ons genade aan mense betoon. Kyk 'n bietjie hoeveel voorbeelde in vandag se verhaal julle kan identifiseer waar mense mekaar gehelp het – en selfs waar daar weer omgekeerde hulp plaasgevind het.



**Vier julle saamwees (2min)**
Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**
Jesus se vyfde saligspreking lui as volg: "*Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word*" (Matt. 5:7).

Wat verstaan jy onder die woord "barmhartig"?
Kan jy aan 'n voorbeeld in die Bybel dink waar een persoon iemand anders uitgehelp het wat in die nood was?



**Verduidelik die konteks (1min)**
Vandag se verhaal speel af in die Ou Testament. Die Israeliete het reeds die beloofde land ingeneem en selfs al 'n koning vir hulle gekies, naamlik Saul. Die Here het Dawid gekies om Saul op te volg, en gevolglik probeer Saul hom doodmaak. Dawid en sy manskappe moes vir lank vlug en wegkruip. Die verhaal speel af juis terwyl hulle so vir Saul wegkruip.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**
*1 Sam. 25:1-38*
*Samuel is oorlede en die hele Israel het saamgekom om oor hom te huil. Hulle het hom by sy huis in Rama begrawe. Dawid het afgegaan na die Maonwoestyn. Daar was 'n man in Maon wat ook*

*’n plek by Karmel gehad het. Dié man was skatryk. Hy het 3 000 skape en 1 000 bokke gehad. Hy was juis besig om sy skape in Karmel te skeer. Die man se naam was Nabal. Hy was van die Kalebstam. Sy vrou se naam was Abigajil. Sy was ’n mooi en slim vrou, maar hy was ’n hardkoppige en gemene vent. Dawid het in die woestyn gehoor dat Nabal besig is om sy skape te skeer. Hy stuur toe tien jong manne en sê vir hulle: “Gaan na Nabal toe in Karmel en sê vir hom ek stuur groete. Sê vir hom ek wens hom alle voorspoed toe: vir hom, vir sy familie en vir sy boerdery. Sê vir hom ek het gehoor dis skeertyd. As hy vir sy werkers vra, sal hulle hom vertel dat ons sy skaapwagters altyd goed behandel het as hulle in ons omgewing was. In al die tyd wat hulle by Karmel was, het daar nooit ’n skaap weggeraak nie. Daarom verwag ek dat hy julle vriendelik sal ontvang. Dis buitendien ’n feestyd. Sê vir hom ek vra beleef dat hy vir my en vir julle sal gee wat hy kan.”*

*Die jong manne het gegaan en namens Dawid alles presies net so vir Nabal gesê en vir sy antwoord gewag. Nabal sê toe vir Dawid se mense: “Wie is dié Dawid? En wie is dié seun van Isai miskien? Vaderland, daar is deesdae ook so baie slawe wat van hulle base af wegloop! Dink julle nou regtig ek sal my brood en water en die skape wat ek vir my skeerders geslag het, vat en dit vir mense gee wat ek van g’n kant af ken nie?”*

*Die manne van Dawid het net daar omgedraai en teruggegaan. Toe hulle by Dawid kom, het hulle hom alles vertel. “Kry julle swaarde, manne,” het Dawid gesê. Elkeen het sy swaard in sy lyfband gesteek; Dawid ook. Omtrent 400 manne het saam met Dawid gegaan en 200 het agtergebly om die goed op te pas. Een van die jong skaapwagters het vir Nabal se vrou, Abigajil, gaan vertel wat gebeur het: “Dawid het uit die woestyn manne gestuur om vir Meneer voorspoed toe te wens, maar hy het hulle afgejak. En dié mense was baie goed vir ons: toe ons in die oop veld was, het niemand ons ooit lastig geval as ons naby hulle was nie. Daar is ook nooit ’n skaap gesteel nie. Solank ons met die skape naby hulle gewei het, was hulle dag en nag soos ’n muur om ons. U moet nou asseblief maar kyk wat u kan doen, want Meneer en sy hele familie gaan groot teëspoed kry. En hy is so ’n nare mens dat niemand met hom daaroor kan praat nie.” Abigajil het gou 200 brode, twee groot erdekruike vol wyn, vyf gaar skape, vyf bakke vol gebraaide koring, 100 rosyntjiekoeke en 200 pakkies gedroogde vye op donkies laat laai. Sy het vir haar helpers gesê: “Gaan solank, ek kom agterna.” Maar sy het niks vir haar man gesê nie.*

*Sy het op ’n donkie gery en in ’n kloof afgegaan. Dawid en sy manne was van die ander kant af op pad. Sy het skielik op hulle afgekom. Dawid het juis geloop en dink: “Ek het met ander woorde die vent se goed verniet opgepas in die woestyn. Hy het*

*nie 'n enkele skaap verloor nie, en nou kry ek stank vir dank.God weet, nie een van die mans of seuns by hom sal môre die son sien opkom nie!"*

*Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy gou van die donkie afgeklim en by Dawid se voete met haar gesig teen die grond gebuig. Terwyl sy so by Dawid se voete op haar knieë staan, sê sy vir hom: "Dit is alles mý skuld, Meneer! Mag ek asseblief met u praat, en sal u so vriendelik wees om na my te luister? U moet u tog nie steur aan daardie niksnut van 'n Nabal nie. Hy is net soos sy naam sê: 'n dwaas. Ek het regtig nie die jong manne gesien wat u gestuur het nie. So waar as die Here leef en so waar as wat u leef, Meneer: dis die Here wat gekeer het dat u eie reg gebruik en 'n bloedbad veroorsaak. Ek is ook seker dit sal met u vyande, met almal wat u skade wil aandoen, gaan soos dit met Nabal gaan. Hier is 'n geskenk wat ek vir u gebring het. Gee dit gerus vir die jong manne wat altyd by u is. En vergewe asseblief die fout wat ek gemaak het. Die Here sal vir seker vir u 'n koningskap gee wat lank sal hou, want u moet die Here se oorloë veg. 'n Ramp sal u nooit tref nie; en as daar mense is wat u agtervolg om u te probeer doodmaak, sal die Here u God u veilig by Hom hou soos 'n herder 'n klippie veilig in sy sak bêre. Maar die lewe van u vyande sal die Here weggooi soos 'n herder 'n klip met 'n slingervel weggooi. Wanneer die Here vir u al die goeie dinge wat Hy u belowe, waar maak en u aanstel as die leier van Israel, sal hierdie ding van Nabal nie in u pad wees nie, en sal u gewete u nie pla dat u eie reg gebruik en mense onskuldig doodgemaak het nie. En as die Here vir u al die mooi dinge waar gemaak het, dink tog dan aan hierdie nederige vrou."*

*Daarop sê Dawid vir Abigajil: "Die Here, die God van Israel, moet geprys word dat Hy jou vandag na my toe gestuur het! Jy is 'n baie slim vrou! Dankie dat jy vandag gekeer het dat ek eie reg gebruik en 'n bloedbad veroorsaak. Ek sê vir jou, so waar as die Here, die God van Israel leef: Hy het gekeer dat ek jou baie seer maak, want as jy nie so gou gemaak en my op die pad gekry het nie, sou nie een van die mans of seuns by Nabal môre die son sien opkom het nie."*

*Dawid het die goed wat sy vir hom gebring het, aanvaar en gesê: "Jy kan maar huis toe gaan sonder om bekommerd te wees. Kyk, ek het gehoor wat jy vra, en ek sal dit vir jou doen." Toe Abigajil by die huis kom, sien sy dat Nabal besig is met 'n verskriklike drinkparty. Hy was vrolik, maar smoordronk. Sy het toe maar nie 'n woord gesê voor die volgende môre nie. Die volgende môre, na hy sy roes afgeslaap het, het sy hom vertel wat gebeur het. Hy het 'n aanval gekry en was in 'n koma. Omtrent tien dae later het die Here hom weer 'n aanval laat kry en is hy dood.*




**<u>Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)</u>**

Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar 'n beginsel om raak te sien?



**<u>Vat gou die hoofgedagte vas (1min)</u>**

Som gou in 'n sin of twee julle opmerkings op en gee ook nou jou eie opinie.



**<u>Verbly julle in die Here (2min)</u>**

Kom ons elkeen vra die Here om vir ons mense te wys wat in die nood is teenoor wie Hy wil hê ons barmhartig moet wees.

# Week 6

# Opregtheid voor die Here



**Oogmerk vir die ouer:**
Vandag moet ons die opregte, intieme verhouding raaksien wat tussen Moses en die Here bestaan het. Let veral op die vrymoedige gesprek. Ons kan ook so met God praat.



**Vier julle saamwees (2min)**
Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**
Jesus leer sy dissipels dat God mal daaroor is as sy volgelinge opreg is. Hy sê: "**Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien**" (Matt. 5:8)

Wanneer gaan ons eendag vir God sien?
Kan jy aan iemand in die Bybel dink wat God reeds op aarde gesien het en gebly leef het?



**Verduidelik die konteks (1min)**
Ons spandeer vandag weer tyd in die Ou Testament. Die volk het pas uit Egipte vertrek en sit in die woestyn. Net in die vorige hoofstuk lees ons hoe hulle 'n goue kalf gegiet het om te aanbid.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**
Eks. 33:7-23 (Boodskap)
*Moses het 'n tent 'n hele ent weg van die laer af in die veld opgeslaan. Hy het dit genoem "die tent waar daar vir God raad gevra word". Elkeen wat by die Here raad gesoek het, het soontoe gegaan.*

*Wanneer Moses na hierdie tent toe gegaan het, het die hele volk by die ingang van hulle tente gaan staan. Hulle het hom agterna gekyk totdat hy in die tent ingegaan het. Sodra Moses in die tent ingegaan het, het die hoë wolk waarin die Here vroeër gedurende die dag voor die volk uitgetrek het, afgesak en oor die ingang van die tent gaan hang. Die Here het dan met Moses gepraat. Wanneer die volk die wolk*

*oor die tent se ingang sien hang, het hulle uitgegaan en by die ingang van hulle tente gekniel en tot die Here gebid.*

*In die tent het die Here met Moses gepraat soos vriende wat met mekaar sit en gesels. Wanneer Moses na die kamp toe teruggekom het, het sy jong helper, Josua die seun van Nun, by die tent agtergebly. Hy het nie daarvandaan af weggegaan nie.*

*Moses het later vir die Here gesê: "U het vir my gesê dat ek die volk van hier af moet laat trek. U sê dan glad nie vir my wie U saam met my sal stuur nie. U het ook vir my gesê dat U my goed ken en dat U van my hou. As dit dan so is, sê asseblief vir my wat u planne is sodat ek kan weet wat U van my wil hê en ek dit kan doen. Hierdie nasie wat ek moet lei, is immers tog u eie volk."*

*"Moet Ek dan self saamgaan dat jou hart rus kan kry?" vra die Here toe vir Moses.*
*"Asseblief," sê Moses vir die Here, "as U nie self saamgaan nie, moet U ons glad nie hiervandaan af laat weggaan nie. Waaraan anders sal ons weet of U vir ons omgee of nie? Ons sal dit net weet as U saam met ons gaan. Waaruit anders sal dit duidelik wees dat U anders oor ons voel as oor al die ander volke op aarde?"*

*"Goed," het die Here vir hom gesê, "Ek sal dan maar saam met julle gaan, soos jy gevra het. Ek sal maak soos jy vra, want Ek ken jou baie goed."*

*Toe vra Moses: "Kan ek maar asseblief sien hoe U lyk?" Die Here sê toe vir hom: "Ek doen graag iets vir iemand as Ek dit self besluit. Ek bederf graag mense wat Ek 'n guns wil bewys. Ek sal jou wel iets van my grootheid laat sien. Ek sal dat jy my stem hoor wanneer Ek my Naam 'Here' voor jou sê. Jy mag egter nie my gesig sien nie. Geen mens sal bly lewe as hy die Here se gesig moet sien nie. Kom, hier is 'n rots waarby jy kan staan. Wanneer Ek met my Goddelike grootheid hier verbygaan, sal Ek jou tussen die rotse laat staan en jou met my hand beskerm totdat Ek verby is. Wanneer Ek verby is en my hand wegvat, sal jy My van agter af kan sien. Niemand mag My egter van voor af sien nie."*




**Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)**

Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar 'n beginsel om raak te sien?



**Vat gou die hoofgedagte vas (1min)**

Som gou die opmerkings op wat julle as gesin gesê het.



**Verbly julle in die Here (2min)**

Laat elkeen vandag net in 'n sinnetjie of twee vir die Here sê hoekom julle vir Hom lief is.

# Week 7

# Gelukkige vredemakers



**<u>Oogmerk vir die ouer:</u>**
Ons moet vandag die onderskeid tref tussen 'n vrede-bewaarder en 'n vredemaker. 'n Vrede-bewaarder vermy konflik ten alle koste en dit is nie opsigself prysenswaardig nie. 'n Vredemaker daarteenoor is bereid om moeilike gesprekke aan te knoop – wat selfs kan uitloop op konflik – omdat ware vrede bereik moet word. Vrede tussen mense en eindelik ook vrede tussen ons en God.



**<u>Vier julle saamwees (2min)</u>**
Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**<u>Verken vandag se onderwerp (1min)</u>**
Ons trek by die sewende seënuitspraak vandag. Jesus het gesê: "***Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word***" (Matt. 5:9).

- Wat verstaan julle met die woord "vredemaker"?
- Wat dink julle beteken dit wat Jesus gesê het?
- Wat is die verskil tussen 'n "vrede-maker" en 'n "vrede-bewaarder"?

Het julle geweet dat om 'n vredemaker te wees, beteken nie noodwendig dat mens nooit oor iets baklei nie? Partykeer beteken dit juis om verkeerdhede aan te spreek of om 'n moeilike gesprek te hê, om sodoende vrede te maak.

'n Goeie voorbeeld van iemand kon stilbly as hy sou wou (en vrede bewaar), maar gekies het om 'n moeilike gesprek aan te knoop (om sodoende vrede te bewerk), is toe Natan vir Dawid gaan sien het.



**<u>Verduidelik die konteks (1min)</u>**
Die verhaal kom in die Ou Testament voor. Dawid was koning en hy het 'n groot fout gemaak: Hy het 'n man laat doodmaak omdat hy daardie man se vrou wou hê.

Die profeet Natan het dit geweet. Hy het egter ook geweet hy moet vir Dawid versigtig benader. Mens kan nie sommer net vir iemand op sy foute uitwys nie, dan slaan die persoon toe soos ‘n boek. Toe maak Natan ‘n slim plan...



**<u>Verlekker julle in God se Woord (3min)</u>**

2 Sam 12:1-13 (Boodskap)

*“Die Here het Natan na Dawid toe gestuur. Toe hy by hom kom, sê hy vir hom: “Daar was twee mense in ’n dorp; die een was ryk en die ander een arm. 2Die ryk man het baie skape en beeste gehad, 3en die arm man net een ou ooilammetjie wat hy gekoop het toe sy nog baie klein was. Hy het haar hans grootgemaak. Sy het by hom en sy kinders in die huis grootgeword en van hulle paar stukkies brood geëet en uit dieselfde beker as hulle gedrink. Sy het baie keer op sy skoot gelê. Sy was soos ’n kind in die huis.*
*4“Op ’n dag kom daar toe iemand by die ryk man kuier. Hy was te jammer om een van sy eie skape of beeste te slag en ’n ete vir die kuiergas te kook. Hy vat toe die ooilam van die arm man en maak haar gaar.”*
*5Dawid was briesend kwaad vir die man wat so iets kon doen. Hy sê vir Natan: “So waar as die Here leef, die man wat dít gedoen het, moet die doodstraf kry! 6En daar moet vier van sy lammers gegee word in die plek van daardie een ooilam. Hoe kon die man so iets doen en nie eers jammer voel vir die arm man nie!”*
*7“Jý is daardie man!” sê Natan vir hom. “Die Here, die God van Israel, het vir jou hierdie boodskap gestuur. Hy het gesê: ‘Ek het jou koning laat word oor Israel, en Ek is die Een wat jou gehelp het teen Saul. 8Ek het vir jou alles gegee wat hy gehad het. Ek het vir jou sy harem ook gegee. Ek het vir jou die hele koninkryk van Israel en van Juda gegee. As dit te min was, kon Ek vir jou nog baie sulke dinge daar bygee! 9Hoekom het jy jou nie gesteur aan wat Ek, die Here, sê nie, en hierdie verskriklike ding gedoen? Jy het Urija, die Hetiet, in die oorlog laat doodmaak en sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met ’n swaard van die Ammoniete! 10Nou gaan daar altyd moord en doodslag in jou huis wees omdat jy jou nie aan My gesteur het nie en Urija, die Hetiet, se vrou vir jou gevat het!’*
*11“Die Here het vir jou nog ’n boodskap. Hy het gesê: ‘Ek sal sorg dat daar vir jou genoeg moeilikheid uit jou eie familie kom: jy sal sien hoe Ek jóú vroue vat en vir iemand gee wat naby jou is. Hy sal helder oordag by hulle slaap. 12Die ding wat jy skelm in die donker gedoen het, gaan Ek voor al die Israeliete helder oordag laat gebeur.’”*
*13Dawid het vir Natan gesê: “Ek het ’n vreeslike verkeerde ding teen die Here gedoen!”*




**<u>Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)</u>**

- Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
- Watter beginsel sien ons by Natan wat ons kan aanleer?
- Wat leer ons uit Dawid se reaksie, oor Dawid – en wat beteken dit vir ons?



**<u>Vat gou die hoofgedagte vas (1min)</u>**

Som in 'n sin of twee die hoofgedagtes op wat uit julle gesprek spruit.



**<u>Verbly julle in die Here (2min)</u>**

Kom ons vra die Here om ons dapper te maak sodat ons vredemakers sal wees!

# Week 8 Om vervolg te word



**Oogmerk vir die ouer:**
Vandag se onderwerp handel oor vervolging. Kom ons dink veral aan ons medegelowiges wat op die oomblik in die Midde-Ooste weer fel vervolging beleef. Kom ons vra onsself af hoe lyk vervolging in ons konteks.



**Vier julle saamwees (2min)**
Deel met mekaar iets belangrik wat met julle die afgelope paar dae gebeur het.



**Verken vandag se onderwerp (1min)**
Dit is sleg as jy van iets beskuldig word wat jy nie gedoen het nie. Tog sê Jesus dat mens geluk beleef as jy beskuldig word omdat jy die regte ding doen. Geluk is ook te vinde wanneer mense vir jou verwerp omdat jy vir Jesus kies. Hy sê: *"Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.*
*12 Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg." (Matt. 5:10-12)*



**Verduidelik die konteks (1min)**
Ons lees vandag 'n gedeelte in die Nuwe Testament. Na Jesus se dood en opstanding word sy volgelinge wreed vervolg. Een so 'n voorbeeld is Stefanus. Hy is so 'n getroue navolger van Jesus dat hy amper woordeliks dieselfde gebed bid as wat Jesus aan die kruis bid. Saulus deel in al hierdie vervolging. Later kom hy egter tot inkeer, sy naam verander na Paulus, en hy word een die invloedrykste Christen-leiers.



**Verlekker julle in God se Woord (3min)**
*Hand. 7:54-8:3*
*Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners. Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus*

*wat aan die regterhand van God staan. "Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan." Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!" Met hierdie woorde het hy gesterwe.*

*Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou. Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.*




**Vra goeie vrae – ontlok gesprek (2min)**

Wat dink julle leer hierdie storie vir ons?
Is daar 'n voorbeeld om te volg?



**Vat gou die hoofgedagte vas (1min)**

Som in 'n sin of twee julle gesin se opmerkings op en deel jou eie perspektief.



**Verbly julle in die Here (2min)**

Kom ons elkeen bid vandag vir Christene wat vervolg word. Een persoon kan bid vir Christene wat doodgemaak word. Iemand anders kan bid vir Christene wat hul werk verloor of wat nie bevordering kry nie, omdat hulle opstaan vir wat reg is. Nog een ander kan dalk bid vir medegelowiges wat geboelie word of uit vriendekringe uitgeskuif word.

NG GEMEENTE
WITRIVIER
OASE van
JESUSLIEFDE